Prof. LR Tönsing
Departement Duits

# THOMAS MANN: TONIO KRöGER, 'n STRUKTUURANALISE

Die kontras en tweespalt: kunstenaarskap teenoor burgerlike eksistensie het ná ETA Hoffman net geringe betekenis in die Duitse letterkunde van die negentiende eeu gehad, daar sowel die Realiste as die Naturaliste hulself as burgers ervaar en aanvaar het. Heel aan die einde van dié eeu gaap hierdie ou wond egter weer oop. Tonio se reise is nes dié van Eichendorff se Taugenichts en van Novalis se Heinrich van Ofterdingen reise na die ontdekking en begrip van die eie ek, 'n soeke na die nog onontdekte eie identiteit, 'n hunkering na die begrip van die eie wese, sy waarde en sy begrensing. Net deur sy eie ek te vind, kan Tonio gelukkig word, 'n oefening wat Gustav Aschenbach in <u>Der Tod in Venedig</u> ongelukkig nie kan voltooi nie. Tonio soek aanvanklik sy geluk in die ryk van die poësie, buite homself. Daar vind hy dit egter nie, maar in die aanvaarding van sy gesplete wese kom hy eindelik tog wel tot rus en berusting, veral omdat hy daardeur die moontlikheid tot verdieping van sy kuns en gestaltegewing sien.

Tonio se pad na homself is 'n gevaarlike dwaalweg na die warm sinnelike suide voordat hy in die noorde tot homself kom. Die novelleskrywer self vestig herhaaldelik die aandag op die belangrikheid van sy roete, sowel simbool as simptoom van sy lewensrigting en lewenspad: "<u>Er ging den Weg, den er gehen mu te, ein wenig nachlässig un ungleichmäßig, vor sich hinpfeifend, mit seitwärts geneigtem Kopfe ins Weite blickend, und wenn er irreging, so geschah es, weil es für etliche einen richtigen Weg über - haupt nicht gibt. Fragte man ihn, was in aller</u>

Welt er zu werden gedachte, so erteilte er wechselnde Auskunft, denn er pflegte zu sagen (und hatte es auch bereits aufgeschrieben), daß er die Möglichkeiten zu tausend Daseinsformen in sich trage, zusammen mit dem heimlichen Bewußtsein, daß es im Grunde lauter Unmöglichkeiten seien" (begin III, p. 23; alle werksitate volgens S Fischer: Schulausgaben, Texte moderner Autoren, S Fischer Verlag AG, Berlyn 1967). Hierdie aanhaling het betrekking op Tonio se eerste groot reis na die suide, na die wêreld van die kuns, en die novelleskrywer maak dit onmiskenbaar duidelik dat hierdie reis 'n soeke na die eie wese is en ook dat Tonio hom met hierdie besondere reis op 'n dwaalweg begewe. Wanneer Tonio dan later in direk omgekeerde rigting na die noorde reis (VI) begin die skrywer drie opeenvolgende paragrawe met die pynlike vraag: Wohin ging er?: "Wohin ging er? Er wu te es kaum. Es war wie gestern. [...] Wohin ging er? Ihm war, als stehe die Richtung, die er einschlug, in einem Zusammenhang mit seinen traurigen und seltsam reuevollen Träumen zur Nacht ... [...] Wohin ging er? Heimwärts. Aber er nahm einen Umweg, machte einen Spaziergang vors Tor hinaus, weil er Zeit hatte" (p.48f). Deur die rekapitulasie van nostalgiese motiewe uit die eerste hoofstuk en deur die herhaling van emosie-gelaaide handelinge uit sy jeugjare maak die skrywer dit dan eweneens onmiskenbaar duidelik dat Tonio die fout van ongebalanseerde eensydigheid in sy soeke herhaal: so eensydig rasioneel as wat sy suidwaartse lewensrigting was, net so eensydig emosioneel is die motivering vir die totale ommekeer van sy lewensrigting.

By alle rasionele ingesteldheid teenoor die lewe het Tonio in die begin (I-III) ook boonop nog 'n emosionele verhouding tot sy milieu. Sy ambivalensie vind uiting in 'n haatliefde vir sowel kunstenaar

as burger. Thoma[illegible] v[illegible]est[illegible] like tweespalt deur 'n anti[illegible]iese styl: altyd weer wissel rasionele en emosionele uitsprake mekaar af. "Die Wintersonne stand nur als armer Schein, milchig und matt hinter Wolkenschichten über der engen Stadt. Naß und zugig war's in den giebeligen Gassen, und manchmal fiel eine Art von weichem Hagel, nicht Eis, nicht Schnee". So begin Thomas Mann sy stylgetroue kuns- en kunstenaarsnovelle, Tonio Kröger. Die skrywer vergestalt die spanningsveld met voortdurende konsekwensie deur die opeenstapeling van hart teen mekaar indruisende teenstellings tot in die skynbaar onbenulligste woordkeuse: armer Schein, milchig und matt is 'n emosionele waardering, nicht Eis, nicht Schnee 'n rasionele evaluering. Die eerste hoofstuk eindig op die trant waarop dit begin het: "Damals lebte sein Herz: Sehnsucht war darin und schwermütiger Neid und ein klein wenig Verachtung und eine ganze keusche Seligkeit" (p.15). Weer staan emosionele motiewe (Herz, Sehnsucht, ganze keusche Seligkeit) in direkte kontras met rasionele motiewe (Neid, ein kelin wenig Verachtung). Die digter verdig die uiterstes selfs tot 'n konsentrasie van net twee woorde: schwermütiger Neid.

Die bou is drieledig. In Lübeck is Tonio terdeë bewus van sy andersgeaardheid en isolasie maar hy kan sy gesplete wese wat nêrens heeltemal tuis is nie nog nie deurskou nie. Gevolglik weet hy nie wat om met sy dualisme en met sy sweefsituasie aan te vang nie. Hy is nes die man wat altyd weer sy aandag trek omdat hy in sy pels vermom heel bo op die allerlaaste treinwa sit (pp.14,49). Hy is nie deel van die vrolike reisgeselskap binne in die trein nie maar sit alleen buite in die koue. Hy sit wel hoog en oorskou die lewe maar is nie in staat om saam met die ander daarin te deel nie. Hy is 'n vreemdeling, anders as die ander, die blondes en die blou-ogiges. Hans laat hom wag, noem

hom Tonio as hulle alleen is en Kröger sodra Jimmertal byis. Op die blauäugige, lustige Inge kan hy geen indruk maak nie, net maar op Magdalena Vermehren wat net soos hy ook 'n vreemde naam dra en ook altyd val (p.21). Sy taal is nie hulle taal nie (p.22). Eensaam, uitgesluit en sonder hoop staan hy voor 'n geslote hortjiesblinding en in sy kommer maak hy asof asof hy kan deursien, maar hy het hoegenaamd geen deursig nie. Hy voel ongelukkig oor sy anderssoortige buitengewone naam en ervaar sy naam en van as 'n weerspreking, as 'n onhoudbare sameflansing van teenstrydige elemente: die noorde en die suide. Hy wil graag doodgewoon en alledaags wees soos al die ander kinders maar iets van die buiteland, iets besonders en eksoties, kleef aan hom (p.12). Hy kan hom nie bevry van die dualisme van vaderlike erfdeel enersyds - der lange, sinnende, sorgfältig gekleidete Herr mit der Feldblume im Knopfloch (pp.7,24,25,46,50,52) - en sy moederlike erfdeel andersyds - seine dunkle und feurige Mutter wie se traak-my-nie-agtigheid hy ein wenig liederlich vind (pp.7,24,52,79).

Die skrywer self vestig die aandag op die belangrikheid van die naamgewing in sy novelle deur Hans Hansen te laat verduidelik: Ich nenne dich Kröger weil dein Vorname so verrückt ist, du, entschuldige, aber ich mag ihn nicht leiden, Tonio ... Das ist doch überhaupt kein Nameen vir Jimmertal te laat byvoeg: Nein, du heißt wohl hauptsächlich so, weil es so ausländisch klingt und etwas Besonderes ist ... (p.12) en ietwat verder sê die skrywer: Und schnell ward sein Name [...], dieser aus Süd und Nord zusammengesetzte Klang, dieser exotisch angehauchte Bürgersname zu einer Formel, die Vortreffliches bezeichnete (p.26). In teenstelling met sy innerlike gespletenheid soos deur die teenstrydige elemente van sy naam uitgedruk, is die Blauäugigen und Blonden

uit sy omgewing ongesplete burgerlike tipes, innerlik heel en ongekompliseerd, mense wat hy bewonder en na wie se liefde hy hunker. Hulle name vergestalt dan ook hierdie innerlike eenheid en heelheid: Hans Hansen en Ingeborg Holm, Doktor Holms Tochter, beide monotone nordiese burgerlike ongekompliseerde heel mense. Tot sulke ongekompliseerde mense moet Tonio hom noodwendig aangetrokke voel want hulle het dit waarna hy soek: hulle rus in hulself. Ook die kunstenares Lisawta Iwanowna is, hoewel kompleks, 'n eenheid in haar wese soos vergestalt deur die herhaling van die i, a en a klanke in naam en van. Ook sy word deur Tonio bewonder.

Samevattend kan ons dus die titelfiguur se tweespalt soos volg skematies voorstel:

| Tonio (die rasionele) | Kröger (die emosionele) |
|---|---|
| sy moederlike erfdeel: kunstenaar | sy vaderlike erfdeel: burger |
| Liederlich (die veragte) | korrekt (die geagte) |
| die suide: die eksotiese, die eksentriese, die heel besondere, die vreemde, die kuns, gees, die estetiese | die noorde: die normale, die alledaagse, die algemene, die bekende, die lewe, natuur, die morele |
| naamgewing: Lisaweta Iwanowna<br>i a a | Hans Hansen<br>Ingeborg Holm<br>die Blauäugigen und Blonden |

In 'n vergeefse poging om aan sy tweespalt te ontkom, verlaat Tonio sy tuiste en reis na die suide (III). Sy mooi vurige moeder vir wie alles om't ewe was, trou na die dood van sy vader met 'n klaviervirtuoos met 'n Italiaanse naam en volg hom in blaue Fernen

(p.24). Hoewel Tonio haar verag, doen hy haar dit na. Met goedige ingehoue spot laat die skrywer Tonio homself afvra: [...] Und er [...] verließ die winklige Heimatstadt [...]verlie den Springbrunnen und den alten Walnu baum im Garten, die Vertrauten seiner Jugend, verließ auch das Meer, das er so sehr liebte, und empfand keinen Schmerz dabei. Denn er war groß und klug geworden, hatte begriffen, was für eine Bewandtnis es mit ihm hatte und war voller Spott für das plumpe und niedrige Dasein, das ihn so lange in seiner Mitte gehalten hatte (p.24). Dat Tonio homself 'n rat voor die oë draai, is baie duidelik. Ons hoef sy kwasi-selfversekerdheid maar net te vergelyk met sy selftipering aan die einde van die voorafgaande paragraaf:

Er schrieb Verse und konnte nicht einmal beantworten was in aller Welt er zu werden gedachte ...

Tonio se reis na die suide beteken dat hy homself heeltemal aan die een pool van sy komplekse wese uitlewer en poog om aan sy dualisme te ontkom deur heeltemal eensydig te word. Hy word heeltemal net kunstenaar of probeer altans om dit te doen. Maar met dat hy sy aangebore spanningsveld probeer ontvlug, word hy ontrou aan sy eie wese en ly hy onuitspreeklik veel. Hier duik die groot Buddenbrooktema van Thomas Mann op: kuns as dekadensie. Hoewel hy in Lisaweta Iwanowna 'n ongebroke heel kunstenares vind wat sy probleem verstaan, misluk sy ontvlugting in die eensydigheid van sy kunstenaarskap totaal. Sy gevole eis sy reg en kom in openlike opstand teen die eensydige suiwer rasionele eksistensie van die impressionistiese kunstenaar, wat gedurigdeur net indrukke van buite af moet ontvang en verwerk:

Es gibt etwas, was ich Erkenntnisekel nenne, Lisaweta [...] eine Sache zu durchschauen, und sich bereits zum sterben angewidert [...] zu fühlen, [...] zum Wissen berufen zu werden, ohne dazu geboren zu sein.

Hellsehen noch durch den Tränenschleier des Gefühls hindurch, erkennen, merken, beobachten und das Beobachtete lächelnd beiseite legen müssen noch in Augenblicken, wo Hände sich umschlingen, Lippen sich finden, wo des Menschen Blick, erblindet von Empfindung [...]. Toniokom dus tot die ontdekking dat 'n kuns wat net deur rasionele kragte gevoed word vreemd teenoor die lewe staan. Aan sodanige kuns wil hy geen aandeel hê nie en hy bely: Ich liebe das Leben - dies ist ein Geständnis. [...] Man hat gesagt, [...] dass ich das Leben hasse oder fürchte oder verachte oder verabscheue. Ich habe dies gern gehört, es hat mir geschmeichelt; aber darum ist es nicht weniger falsch. Ich liebe das Leben ...(p.39). In sy vrywillige verbanning na die ysige koue van 'n suiwer rasionele lewens-en werkwyse het 'n groot verlange na die alledaagse en normale in Tonio opgedam: Der ist noch lange kein Künstler, meine Liebe, dessen letzte und tiefste Schwärmerei das Raffinierte, Exzentrische und Satanische ist, der die Sehnsucht nicht kennt nach dem Harmlosen, Einfachen und Lebendigen, nach ein wenig Freundschaft, Hingebung, Vertraulichkeit und menschlichem Glück, - die verstohlene und zehrende Sehnsucht, Lisaweta, nach den Wonnen der Gewöhnlichkeit! (p. 39f). Na die totale miskenning van die emosionele komponent van sy wese word Tonio nou weer bewus van sy sluimerende liefde vir die Noorde en sy mense: [...] und dennoch habe ich das Land von jeher gekannt und geliebt. Ich muß wohl diese nordliche Neigung von meinem Vater haben, denn meine Mutter war doch eigentlich mehr für die belleza, sofern ihr nämlich nicht alles ganz einerlei war. Aber nehmen Sie die Bücher, die dort oben geschrieben werden, diese tiefen, reinen und humoristischen Bücher, Lisaweta, - es geht nir nichts darüber, ich liebe sie. [...] Nehmen Sie auch nur die Namen, die Vornamen, mit denen die Leute dort oben geschmückt sind [...] einen Laut wie 'Ingeborg', ein Harfenschlag

makellosester Poesie (p.43f).

En so slaan Tonio dan weer eens op vlug en weer eens tevergeefs. Indien ons die uitbeelding van sy dualisme in sy jeugjare in die noorde as tese en die eensydigheid van sy lewe as kunstenaar in die suide as antitese sou sien dan het ons met sy terugkeer na die noorde nou die derde fase van sy ontwikkelingsgang, van sy reis na die aanvaarding van sy eie ek en van die lewe bereik. Is hierdie derde fase van sy ontwikkeling die sintese, kom Tonio tot helderheid oor homself en oor die lewe? Voorlopig nog nie. Hy keer terug na sy vaderstad: Großer Gott, wie winzig und winklig das Ganze erschien! (p.45). Hy loop te voet, loop stadig, en soekalle plekke op wat vir hom 'n besondere betekenis in sy jeug gehad het, betrag die blonden und lässig plumpen Menschen en ein nervöses Gelächter stieg in ihm auf (p.45). Hy soek die huis van Ingeborg Holm en die huis van Hans Hansen op en betrag weer die trein wat met plumper Eilfertigkeit (p.49) verbystoom met die man wat ingemom bo-op die laaste wa sit. En dan uiteindelik soek hy sy ouerhuis op, maar 'n volksbiblioteek is nou daar gehuisves en die bibliotekaris betrag hom met wantroue. Tonio voel homself vreemd in sy ou vaderhuis en dink daß hier weder das Volk noch die Literatur etwas zu suchen hatten (p.51) wat weer eens sy innerlike verskeurdheid tussen die pole: normale menswees en geïsoleerde kunstenaarsbestaan belig. Sy besoek aan sy vaderstad word daarmee beëindig dat 'n polisiekonstabel hom ten slotte wil arresteer en hom vra: Was sind Sie denn? (p.55) die vraag wat Tonio nog steeds nie vir homself kan beantwoord nie. Wel meen hy be herhaling dat hy von Geburt kein Zigeuner im grünen Wagen, sondern der Sohn Konsul Krögers aus der Familie der Kröger (p.56; vgl. ook pp.8, 26, 80)is, maar dit bevestig en beklemtoon maar net sy innerlike tweespalt. En so misluk dan ook hierdie

poging om tot homself te kom deur die verlede te rekapituleer en ou emosies weer te wil herlewe. Sy ontvlugting na die noorde, na die "heel" wêreld van die burger, van die "blondes en blou-ogiges" wat hy so liefhet, misluk ewe klaaglik as wat dit die geval was met sy ontvlugting na die suide, na die wêreld van die kuns, van koue verstandelike analise en van sintuiglike oorstimulering. Daarmee maak Thomas Mann dit bo alle twyfel duidelik dat toewending tot een pool van sy gesplete wese en afwending van die ander pool geen oplossing vir Tonio se probleem is nie, ongeag of hy hom na die rasionele of na die emosionele sy van sy gesplete persoonlikheid wend en die ander pool probeer negeer.

Eers na sy tweede vergeefse ontvlugtingspoging word Tonio pynlik bewus van sy dualistiese wese en daarvan dat hy nooit daaraan sal kan ontkom nie. Maar in Aalsgaard in Denemarke ontdek hy tot sy groot vreugde nog meer: hy wat aanvanklik nie geweet het wat om met sy skisofrene aanleg aan te vang nie, ontdek dat juis hierdie aanleg hom in staat sal stel om die nordiese burgertipes wat hy so liefhet met sy kuns te bou en te verlos en om groot kuns te skep. Hoewel hy ook nou nog geskei bly van die blondes en blou-ogiges en nie aan hulle fees kan deelneem nie, staan hy nie meer voor 'n geslote hortjiesblinder soos by die danslesse van sy jeug nie, maar betrag die gelukkige dansende jeug intensief en noukeurig en het groot vreugde aan hulle lewensgenot, al is hy self daarvan uitgesluit. Wat vroeër vir hom verborge was, sien hy nou en begryp homself en sy gespletenheid en die doel en waarde daarvan vir die eerste keer. Hy kan nou sy hele ontwikkelingsgang oorskou en ditin 'n analiserende brief aan Lisaweta Iwanowna skets. En so bereik ons na twee vergeefse ontvlugtingspogings, na die ontvlugting in die een uiterste van die suiwer rasionele bestaan en na die teenoorgestelde ontvlugting na die ander pool, dié

van emosionele rekapitulasie, tog nou uiteindelik die sintese, die rustige middeposisie, in Tonio se selfaanvaarding en berusting. Tonio hoef nie meer as burger 'n slegte gewete te hê omdat hy die kuns beoefen nie en as kunstenaar hoef hy nie meer te steun nie: Es ist aus mit dem Künstler, sobald er Mensch wird und zu empfinden anfängt (p.32). Hy is nie meer ein Bürger auf Irrwegen, - ein verirrter Bürger nie (p.42).

Tonio se samevattende brief aan die einde van die verhaal is sowel terugblik as vooruitskou. Die brief reflekteer die driedelige bou van die novelle begin met 'n algemene inleiding ( [...] ich denke, ihn ein wenig allgemein zu halten - p.79), word dan krities-koel, analiserend en distansiërend maar eindig warm, sonder enige pretensie, eenvoudig, eerlik en belydend. Tonio beken daarin ten slotte sy liefde vir die blondes en blou-ogiges en eindig: Schelten Sie diese Liebe nicht, Lisaweta; sie ist gut und fruchtbar. Sehnsucht ist darin und schwermütiger Neid und ein klein wenig Verachtung und eine ganze keusche Seligkeit (p.81). Met hierdie uitspraak aan die einde beken Tonio hom aan homself, aan sy tweespaltige wese waaraan hy nie kan ontkom nie. Tonio is en bly [...] ein Bürger, der sich in die Kunst verirrte, ein Bohemien mit Heimweh nach der guten Kinderstube, ein Künstler mit schlechtem Gewissen (p.80). Maar deur die aanvaarding van sy Sosein kom hy tot insig in die doel en waarde van die Dasein.

Mens sal ver moet soek om nog so 'n diggeweefde novelle in die wêreldliteratuur te vind soos Thomas Mann se Tonio Kröger. Veelvuldige herhaling gee gestalte aan die onvermoë van Tonio om sy aangebore innerlike tweespalt op te los. Die steeds terugkerende vraag, Was in aller Welt er zu werden gedachte? (p.23f) of Was sind Sie denn? (p.55) en

Wohin ging er? (p. 48f) sowel as die herhaling van dieselfde uitdrukkings en motiewe: Bürger teenoor Bohemien, Sehnsucht teenoor Neid, Verachtung teenoor Seligkeit, zugige Gasse teenoor Wallnussbaum, dem eingemummten Mann teenoor zuhöchst auf dem allerletzten Wagen, plumper teenoor Eilfertigkeit, schwermütiger teenoor Neid, Volks- teenoor-bibliothek, die herverskyning van die burgerlike tipes Hans Hansen en Ingeborg Holm en van die bleek meisietipe Magdalena Vermehren beklemtoon steeds die onveranderde en onverminderde tweespalt in Tonio se bewussyn. Maar juis omdat sy gees hierdie uiterstes omspan, hy hulle almal liefdevol vergestalt. Sy aanvanklike probleem was dat hy as skrywer die lewe interpreterend moes vergestalt sonder om daarin te deel: [...] dass ich es oft sterbensmüde bin, das Menschliche darzustellen, ohne am Menschlichen teilzuhaben ...(p.32). Ten slotte kom egter tot die insig dat niks meer as sy liefde vir die lewe nodig is om groot kuns te produseer nie, en dat juis in sy ambivalente verhouding tot die lewe groot moontlikhede vir hom as kunstenaar opgesluit lê. Tonio wat aanvanklik nie geweet het wie hy is, waarheen sy lewenspad lei en wat sy bestemming is nie, Tonio wat tussen so baie onmoontlikhede geswerf het, het nou tot homself gekom en het nou 'n vaste koers en toekomsverwagting: Ich werde Besseres machen, Lisaweta, - dies ist ein Versprechen (p.81).

******************